# *Kom eet* op ons werf

Die ***Syngenta Boerekos Plaaskombuis*** se deure is weer oop by Nampo en vanjaar is ons selfs beter! Kom sit aan vir restaurantgeregte teen 'n fraksie van die prys – voorberei met net die beste vleis en pluimvee van ons vyf uitgesoekte kosvennote, ontwikkel deur Arina du Plessis, *Boerekos*-redakteur, en gemaak deur 'n bekwame span van die *The Roots Academy*-sjefakademie in Potchefstroom.

Daar is varsgebakte platbrode gevul met gepluiste Karoo-lamsvleis en tuisgemaakte tzatziki, sappige varklies-espetadas afgerond met 'n aromatiese blatjang-sojasous en voorgesit met suurroom, rooi-ui en piekelkomkommer op 'n warm naanbroodjie, en smulsagte geroosterde beesborsstuk voorgesit op Vrystaatse geelmielie-stywepap met tamatie-en-pikantrissiesmoor. Of wat van 'n worsrol met hoender-Frankfurters, gerooster met 'n klewerige heuningmosterdsous in 'n tuisgemaakte baguette met mosterdmayonnaise, fyngekerfde koolslaai en bros piekel, of 'n vyfster-kaasburger met 'n steak-pattie, cheddarkaas, agurkie, suurroom-mayo, tamatie en uie, voorgesit met aartappelskyfies of -wiggies. Pryse vir die etes wissel van R90 tot R120.

By die ***Syngenta Boerekos Plaaskombuis*** sal jy 'n spyskaart met topgehalte-geregte kry wat sinoniem is met die bekroonde tydskrif *Boerekos*, verkry van voorste vleis- en varsprodukte-verskaffers. Geniet jou kos om 'n tafel met 'n plaasatmosfeer of neem dit weg in 'n gerieflike pakkie.

## Waar?

Die *Syngenta Boerekos Plaaskombuis* is geleë aan die suidwestekant van die Nampo-terrein, oorkant die 4x4-baan. 'n Argiteksruimte met sitplek vir 250 mense.

## Les jou dors

Vanjaar kry jy jou drankies sommer waar jy jou kos koop! Kies uit nie-alkoholiese ontwerpersbier, vrugtesap, ystee, koeldrank of water. En maak van vroegoggend af 'n draai by ons koffietoonbank vir 'n heerlike koppie boeretroos.

In samewerking met The Roots Academy

**Syngenta Landbou Boerekos Plaaskombuis**

**syngenta**

**Landbou weekblad**



**Beesborsstuk (*brisket*)**

**KOM EET BY NAMPO!**
**12-15 MEI 2026**



**Lamsvleis-platbrood**



**Beesvleis-kaasburger**



**Frankfurter-rolle**



**Varklies-espetada**

**Vir meer inligting, kyk op**

- Landbouweekblad
- Landbou Boerekos
- SyngentaSA

www.landbou.com